

InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek

Volume 2(3), September 2002

Redaksioneel...

Daar word vertel van die koerantredakteur wat uitgevra is oor sy koerant se redaksionele beleid. Sy antwoord was toe dat hulle by **Die Waarheid** 'n baie streng balans probeer handhaaf tussen objektiwiteit en vooroordeel. [Lees gerus meer hieroor ...](#)



Logos Scholar's Library Die Biblioteek het onlangs Scholar's Library - Series X, 'n pakket van Logos Bybelsagteware, aangekoop. Dit bestaan uit 230 titels wat Bybels, Hebreeuse, Griekse en Latynse tekste, Bybelse woordeboeke, ensiklopedieë, Bybelkonkordansies, Strongs-numering, preke, pastorale hulpbronne, ens., in Engels en Afrikaans, insluit. [Meer hieroor ...](#)

PUK Galery word op 25 September amptelik in gebruik geneem. InfoForum het voorheen reeds berig oor die bou van die Galery. [Lees meer](#) oor die inwyding daarvan.



The OBSERVATORY on Borderless Higher Education

Die Biblioteek het op versoek van die Rektor op die ePublikasie ingeteken. Die bron is veral nuttig vir opvoedkundiges en bestuur. [Meer hieroor ...](#)

Die Biblioteek het twee opleidingslokale nl., [Besembos](#) en [Tarentaal](#) wat deur personeel en studente bespreek kan word by die volgende nommer x2802.



Die Beilstein/Gmelin Chemie databasis

wat deur SASOL beskikbaar gestel word, is nou beskikbaar in die Ferdinand Postma-Biblioteek. Navrae kan gerig word aan Ria Adelaar by x2802

Hernu jou boeke self!

Jy kan jou eie boeke hernu deur na die volgende webadres te gaan <http://bib-unx.puk.ac.za/patroninfo> Sleutel jou van in, bv. Schutte, S C en jou studentenummer of personeelnummer. Onthou om jou studentenummer altyd met 'n 2 aan die einde in te sleutel en 'n personeelnummer met 'n 1.

Personeellid in die nuus. Marlene Wiggill het onlangs in Kommunikasiekunde se nuusbrief, *info.kom* verskyn. Gaan kyk gerus na die [berig](#). Sy gee ook [opleiding](#) aan studente en personeel rakende die Internet.

Wil jy weet of 'n tydskrif elektronies beskikbaar is? By http://www.puk.ac.za/biblioteek/tydskrifte_a.html verskyn 'n alfabetiese lys van tydskrifte waarop die Biblioteek ingeteken is wat in volteks beskikbaar is, asook die begindatum van die volteks.

Gale Group het tans 'n toetsperiode op hulle databasisse vir alle biblioteke in SA tot 15 Oktober 2002. [Gaan kyk gerus hierna.](#)

[Argief hier beskikbaar](#)



Redaksioneel

Daar word vertel van die koerantredakteur wat uitgevra is oor sy koerant se redaksionele beleid. Sy antwoord was toe dat hulle by **Die Waarheid** 'n baie streng balans probeer handhaaf tussen objektiwiteit en vooroordeel.

Biblioteke is deesdae in 'n posisie dat hulle ook balans moet probeer handhaaf, hopelik net met groter konseptuele duidelikheid as die koerantman. Tradisioneel het biblioteke (die akademieses inklus) naas die verkryging, bewaring en verskaffing van inligtingsbronne ook vir hulleself kulturele take op die skouers geneem, sy dit deur spesiale versamelings of uitstallings of bewaringsprojekte of wat ook al. Die grense tussen biblioteke en argiewe en museums is nie altyd baie skerp getrek nie. Met die proliferasie van elektroniese bronne, die klem op die biblioteek as inligtingsagentskap ter ondersteuning van navorsing en onderrig, en die gelyktydige agteruitgang in biblioteekbegrotings het hierdie aspek al meer op die agtergrond geskuif. In 'n omgewing van knap begrotings lyk sekere dinge makliker na luukses as ander.

Die Ferdinand Postma-Biblioteek het die moderne inligtingsera oor die afgelope twee of drie dekades met groot ywer en sukses betree en gesels in baie opsigte hieroor saam met die bestes. Ons is egter ook trots op wat in die verlede gedoen is met die daarstel van verskillende spesiale versamelings, waaronder 'n nie geringe kunsversameling nie. Dis in daardie gees dat ons oor die afgelope jaar of twee die inisiatief geneem het met die verskuiwing van die Universiteitsargief en –museum na eie ruimtes in die Biblioteekgebou en met die inrigting van Die Galery. Oor beide hiervan word elders in hierdie nuusbrieff berig. Ons is trots hierop en dra daarmee graag saam by tot 'n Universiteit wat met trots aan sy harde navorsingsopbrengs gemeet word, maar nie net daaraan nie.

Tom Larney
Direkteur Biblioteekdienste






LOGOS


In Afrikaans is daar onder andere *Bybel in Praktyk*, Ou en Nuwe vertalings van die Bybel, *Grieks met begrip*, geredigeer deur P. Conradie, et al., *Institusie van die Christelike godsdiens* deur Calvyn, Die tien gebooië, deur P.J. de Bruyn, *Teologiese etiek*, deur J.A. Heyns, en vele meer. Daar is ook vertalings van die Engelse werke in Afrikaans.

Logos Bible Software - Series X is geplaas op 'n elektroniese platform, nl. Libronix Digital Library System wat dit makliker maak om te gebruik, met 'n kragtiger en vinniger soekfunksie, wat al die bronne gelyktydig deursoek oor 'n spesifieke onderwerp. Die nuwe Addin-modules vergemaklik Bybelstudie deurdat dit parallelle Bybelvertalings gelyktydig vergelyk, wat nie voorheen op Logos moontlik was nie. U kan meer hieroor lees op die Logos webwerf: <http://www.logos.com/products/> by die produk: Scholar's Library(RA). Die Engelse werke wat in die pakket ingesluit word, is hier gelys.

Die pakket kan by die Ferdinand Postma-Biblioteek gebruik word en is op een rekenaar geïnstalleer, nl. Nemo. Deur op die ikoon op die skerm te klik, verkry u toegang tot die sagteware. Kontak asb. vir Gerda van Rooyen by x 2804 indien u enige verdere navrae het.



Die Galery



Ons wil graag alle studente en personeel bedank vir hulle geduld tydens die bouwerk aan die Biblioteekgebou met die inrigting van die nuwer Kunstgalery (Die Galery) aan die noordekant van die Biblioteek. Dit is vir ons aangenaam om te kan berig dat die lokaal amptelik in gebruik geneem word op 25 September 2002, en dat daar tydens **Aardklop** 'n uitstalling van 'n **versameling werke van Pierneef** plaasvind. Per toeval was dit dieselfde lokaal - toe die studiesaal van die pasvoltooide Biblioteek - waarin die opening van 'n retrospektiewe tentoonstelling van die skilderkuns van Hendrik Pierneef op Maandag 16 Maart 1953 deur prof Gerrit Dekker waargeneem is.

Die lokaal word vanaf die noordekant deur sy eie portaal bereik, net links van die ingangsportaal van die Biblioteek.

Ons hoop dat hierdie lokaal voortaan die sentrum van kuns- en kultuuraangeleenthede op die hoofkampus sal word! Ons glo ook dat die sentrale ligging daarvan sal bydra daartoe dat almal ook sommer met die verbystap sal instap!

Die lokaal sal lopend kunswerke uit die Permanente Kunsversameling van die PU vir CHO uitstal en sorteer onder die Kunskuratorskap (Fakulteit Lettere, vakgroep Kunstgeskiedenis) van die Universiteit.

Benewens hierdie gewerskaf aan die noordekant sou u dalk opgemerk het dat die boonste vloer van die gebou die eerste semester omskep is in nuwe klaslokale, terwyl die oostekant en 'n groot gedeelte van die kelder ook (hoorbaar) verander het en vanaf September die PUK-Argief huisves. Dit is keurig en doelmatig ingerig vir hierdie doel onder die bekwame hande van die Argiefpersoneel, met Anette Kellner as Universiteitsargivaris. Ons in die Biblioteek is trots dat hulle nou met ons die gebou deel en om hulle as ons naaste bure te kan hê!

Ons is dus bly om hiermee te kan berig dat die studente ten minste gedurende die eindeksamen in rus en stilte in die biblioteekgebou sal kan studeer. Alle bouwerk is ongeveer afgehandel en die gebou daarmee maksimaal benut!





The OBSERVATORY on Borderless Higher Education

"Observatory Briefings provide an essential grounding on a specific topic in the broad area of borderless higher education. While Observatory reports are in-depth and detailed, briefings are designed to be concise and rapidly digested. Topics selected are those that challenge the boundaries of higher education, and particularly those expected to impact the core business of universities and colleges. Briefings are primarily aimed at senior managers in higher education, but will be of wider interest. They are issued once a month (10 issues a year) and are available on this website in pdf format"

Toegang tot die tydskrif kan by die volgende webadres verkry word: <http://www.obhe.ac.uk.products/briefings> Daar sal 'n netwerk ID en wagwoord van jou gevra word.

ID: xxxxx@puknet.puk.ac.za (vervang xxxxx met jou eie netwerk ID)

Wagwoord: pdhezi

Die tydskrif is gratis beskikbaar aan almal wat in besit is van 'n Puk e-posadres. (Ander adresse, bv Yahoo, Hotmail, ens. sal nie werk nie.)









Login

My patron record

Please enter the following information:

Surname: For example, type **Smith**

University number: For example, type **20371267**



If you have any problems using this web page contact the Library at 018 299 2802.

Instapkursusse



[!\[\]\(3ad821e3ca7dd4cb7003e9c8d982e254_img.jpg\) Internet vir beginners](#)

[!\[\]\(919a2cb85b99741a73c0c31a427236a8_img.jpg\) Internet: Soekenjins](#)

[!\[\]\(666e09182d4cd268646ea700ea60dcdf_img.jpg\) Internet: Volteks Databasisse](#)

1. Internet vir beginners

Die opleidingsessies is gemik op die beginner. Daar word gekyk na die aard van die Internet en basiese soekbeginsels vir Suid-Afrikaanse en internasionale soekenjins sal verduidelik word.

Tyd: Elke Dinsdagoggend om 8:30 tot 9:15.

Plek: Ferdinand Postma-Biblioteek, Tarentaal.

Bespreek vroegtydig by die Inligtingstonbank in die Biblioteek om teleurstelling te voorkom. Indien die tyd nie inpas by jou skedule nie, kan jy gerus reël vir 'n ander tyd by Marlene Wiggill (018) 299 2835. Opleiding is gratis.



2. Internet: Soekenjins

Die sessies bestaan uit opleiding in die gebruik van gevorderde soekfunksies, sowel as evalueringstegnieke wat jou in staat sal stel om die mees relevante inligting vir jou referaat/werksopdrag op die Internet te kry. Basiese rekenaarvaardigheid is 'n voorvereiste.

Tyd: Elke Woensdagoggend om 8:30 tot 9:15.

Plek: Ferdinand Postma-Biblioteek, Tarentaal.

Bespreek vroegtydig by die Inligtingstonbank in die Biblioteek om teleurstelling te voorkom. Indien die tyd nie inpas by jou skedule nie, kan jy gerus reël vir 'n ander tyd by Marlene Wiggill (018) 299 2835. Opleiding is gratis.



3. Internet: Volteks Databasisse

Die opleidingsessies leer jou hoe om volteks tydskrifdatabasisse via die Internet te gebruik. Op die databasisse kry jy toegang tot volledige wetenskaplike artikels vir jou referate/werksopdragte. Die artikels is onmiddellik op jou rekenaar beskikbaar. Ons leer jou om op EBSCOHost, MCB (Emerald Online) en ScienceDirect te soek.

Tyd: Elke Woensdagmiddag om 14:00 tot 14:45.

Plek: Ferdinand Postma-Biblioteek, Tarentaal.

Bespreek vroegtydig by die Inligtingstonbank in die Biblioteek om teleurstelling te voorkom. Indien die tyd nie inpas by jou skedule nie, kan jy gerus reël vir 'n ander tyd by Marlene Wiggill (018) 299 2835. Opleiding is gratis.





GALE GROUP

Die nasionale konsortium van akademiese biblioteke (COSALC) ontvang tans voorleggings van verskillende groot verskaffers van elektroniese volteks databasisse. Daar is reeds 'n ooreenkoms met EBSCO gesluit wat geld tot einde 2003, waarvoor die Departement van Onderwys ook 'n bydrae gelewer het. Die Ferdinand Postma-Biblioteek gebruik reeds hul databasisse sedert 2000. Gedurende Oktober kom doen PROQUEST 'n voorlegging van hulle databasisse aan die konsortium. Die databasisse is tans beskikbaar op die Biblioteek se webblad onder [Toetsdatabasisse](#).

GALE GROUP het nou 'n toetsperiode op hul databasisse vir alle biblioteke in SA tot 15 Oktober 2002. Daar moet ten minste 10 biblioteke in Suid-Afrika inteken voor 1 November 2002 om van hul spesiale aanbod gebruik te maak. Hul prys is kompetierend met EBSCO en die konsortium kyk goed hierna. Akademiese biblioteke kan dit bykomend tot die bestaande EBSCO databasisse aankoop. Binne ons streekskonsortium (GAELIC) is 7 biblioteke reeds tot Desember 2002 hierop ingeteken.

Gaan kyk gerus wat hulle aanbied. Beskrywings van al die databasisse word gegee. Expanded Academic (ASAP) en General Business File International is deel van die pakket en dan kan biblioteke enige ander drie van die gelysde produkte kies.

Ons het toegang deur hul toetswebblad: <http://www.galeuk.com/trials/sacon/>

U vul net die naam van die Universiteit in: PU vir CHO

U epos adres: xxxxxx@puknet.puk.ac.za

U kan die blokkie merk om geen epos te ontvang nie.

Stuur u kommentaar en aanbevelings aan Erika Rood by fpbcfr@puknet.puk.ac.za

